

U risiko-verdraagsaamheid

Uitgawe 54: Februarie 2012

Daar bestaan 'n persepsie dat eiendom minder riskant is as die aandele van 'n publieke maatskappy. Dit is nie noodwendig waar nie. Wanneer u die risiko profiel van 'n spesifieke bate bepaal, is daar nie altyd 'n maklike antwoord nie. In hierdie uitgawe wil ons graag uitbrei oor wanopvattinge wat daartoe lei dat beleggers as "konserwatief" of "aggressief" beskou word. Ons begryp nie altyd die koppeling tussen onderliggende risiko en opbrengs van 'n bate nie. Wat is al die risiko komponente nl. valutarisiko, markwisseling, inflasie risiko, institusionele risiko's, ens? En wat is die elemente wat u totale opbrengs dryf?

Opnames het gewys...

Meer as 'n 1000 lukrake opnames* onder beleggers het verrassende resultate opgelewer. Beleggers is gevra om hul eie risiko profiel sowel as verwagte opbrengste in 'n sekere geval aan te dui. In opsomming toon die resultate:

Tipe Belegger	Verwagte Opbrengs
Aggressiewe	4.5% tot 25%
Matige	3.0% tot 25%
Konserwatiewe	3.0% tot 20%

* Data van ACSIS

Die uitslae was nie logies, of realisties nie. Daarbenewens het individue hulself meer aggressief beskou wanneer die finansiële markte goed presteer. Indien die finansiële markte swak presteer of wisselvallig was, was dieselfde beleggers risiko-sku; m.a.w. daar was geen konsekwentheid nie en gevolgtrekkings is meestal gebaseer op persepsie.

Daar is in wese 3 aspekte wat 'n risikoprofiel omskryf:

- Die **vereiste** risiko, wat die vlak van risiko is wat u sal moet neem vir 'n bepaalde opbrengs om u persoonlike doelwitte te bereik. Dit is 'n finansiële oorweging
- Die risiko-**kapasiteit**, is die mate waarin die toekomst minder gunstig kan wees as wat geskat is sonder om die finansiële plan te ontspoor (hierdie is ook 'n finansiële oorweging)
- U risiko-**verdraagsaamheid**, is die vlak van risiko wat u sou verkies om te neem. Dit is 'n persoonlikheidseienskap

Wat is u leefstyl behoeftes?

Die ontnugtering kom heelwaarskynlik gedurende aftrede wanneer 'n persoon sou besef dat sy fondse nie aan sy leefstylbehoefte kan voldoen nie. In die meeste gevalle word so 'n persoon gedwing om sy leefstyl aan te pas. Of omdat die persoon:

- Te min gespaar het;
- Moontlik te hoë trekkings uit sy aftreefondse moet maak (dit het 'n negatiewe belasting implikasie), of;
- Omdat die belegging nie die vereiste **reële opbrengste** behaal het nie (bo-inflasie opbrengste)

Oor die langer termyn is inflasie (die toename in lewenskoste) beslis 'n hoër risiko as die wisselvalligheid van finansiële markte.

Die belangrikste faktor in die bepaling van die regte mengsel van bateklasse ('n keuse tussen kontant, effekte, eiendom en aandele) is u **leefstylbehoefte**. Om u batetoedeling deur u risiko-verdraagsaamheid te

bepaal is gevaarlik. U kontantvloei-behoeftes sal uiteindelik voorskryf watter opbrengste u sal benodig – wat 'n volhoubare finansiële plan verseker. Dikwels klassifiseer risikoprofiel-vraelyste 'n belegger as "konserwatief" of "aggressief" wat gebaseer is op die bateklas waarin hy of sy belê. Bv. iemand wat kontant en effekte verkies, word beskou as "konserwatief", terwyl geen melding gemaak word van 'n individu se huidige of toekomstige kontantvloei behoeftes nie.

Aannames

Om uself as 'n spesifieke belegger te identifiseer, lei nie noodwendig tot goeie beleggingsbesluite as deel van 'n finansiële plan nie. Byvoorbeeld is dit verkeerd om te aanvaar dat 'n ouer dame 'n konserwatiewe belegger moet wees terwyl 'n jonger man outomaties 'n aggressiewe belegger is. Dit kan wees dat die ouer dame dit nodig het om aggressief te belê, juis om te verhoed dat haar aftree-fonds uitgeput word voordat sy sterf (daar is geen ander bron van inkomste nie) – dit is 'n berekende risiko wat geneem moet word.

Die jonger man hoef deur sy ruim erfporsie nie meer te werk nie, maar hy kan bang wees om sy erfdeel te verloor. Daarom kan hy so te sê "bekostig" om meer konserwatief te wees, aangesien hy genoeg fondse het om sy leefstyl oor 'n bepaalde tydperk vol te hou. In kort... u risiko profiel behoort **nie** u beleggingskeuse voor te skryf **nie**.

Die uitstel van bevrediging

Die raming van toekomstige behoeftes as deel van 'n konkrete finansiële plan (waarby gehou word) vereis uiteraard dissipline. Die meeste mense het beslis hierby baat gevind. Niemand weet wat die toekoms inhoud nie. Beleggingsgeleenthede met buitengewone opbrengste moet vermy word. Daar behoort voorsiening te wees vir onvoorsiene mediese uitgawes. Die opbou van 'n diskresionêre-fonds, (nie binne 'n pensioenfondse nie) as 'n buffer vir onvoorsiene gebeure, word sterk aanbeveel.

Finansiële vryheid word oor tyd verkry deur 'n reeks klein stappe. Volgens statistieke uit die bedryf, spaar slegs 30% van al die kliënte (wat advies ontvang), genoeg. Die meeste van ons vind dit maklik om ons uitgawes op 'n nuwe motor, klere, geskenke, ens. te regverdig. Hierdie items sal onvermydelik waarde oor tyd verloor. Die werklikheid is dat u die effek eers 15 tot 30 jaar later voel. Die gereelde en gedissiplineerde bydraes tot 'n spaarfonds as deel van 'n plan help ons om hierdie **balans te vind** tussen ons **welvaart en welsyn**. Beloon uself met langtermyn stabiliteit. U geduld sal uiteindelik vrugte afwerp.

Aftreefondse-bydraes

Bydraes tot 'n aftreefondse kan 'n aantreklike alternatief wees om 'n neseier op te bou. Die meeste aftreefondse in Suid-Afrika word goed bestuur en die vrese om in Pensioenfondse te belê is nie altyd geldig nie. Persone wat die geleentheid het, moet bydraes maksimeer wat verseker dat 'n beduidende vermindering van u belasbare inkomste verkry word. Die laaste dag vir enige bydraes tot 'n Aftreefondse vir die belastingjaar 2012 is 29 Februarie 2012. Kontak ons asseblief in die tyd as u enige vrae het.